**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in
die Eerste Presidentskap



# Vul die Wêreld met Christus se Liefde

Wanneer ons aan Kêrsfeës dink, dink ons dikwels aan die gee en ontvang van geskenke. Geskenke kan deel uitmaak van gekoesterde tradisies, maar hulle kan ons ook weglei van die eenvoudige waardigheid van die seisoen en ons verhoed om die geboorte van die Verlosser op 'n betekenisvolle manier te vier.

Ek weet van persoonlike ervaring dat die mees onvergeetlikste Kêrsfeës, soms die mees nederigste is. Die geskenke van my kinderjare, was beslis baie beskeie, teen vandag se standaarde. Ek het soms 'n gelapte hemp of 'n paar handskoene of sokkies ontvang. Ek onthou een spesiale Kêrsfeës, toe my broer vir my 'n hout mes gegee het, wat hy self gekerf het.

Dit is nie nodig om duur geskenke te gee, om 'n betekenisvolle Kêrsfeës te hê nie. Ek onthou 'n storie wat deur Ouderling Glen L. Rudd vertel is, hy het as 'n lid van die Sewintigs gedien vanaf 1987 tot 1992. Een dag net voor Kêrsfeës, 'n paar jaar van te vore, terwyl hy besig was om 'n Biskop se stoorkamer te bestuur, het hy by 'n leraar gehoor van 'n familie in nood, wie onlangs na hulle stad toe getrek het. Toe hy hulle klein woonstelletjie besoek het, het hy 'n jong enkel moeder met vier kinders onder die ouderdom van 10 jaar, gevind.

Die familie se nood was so groot, dat die moeder nie eers geskenkies of ietsie lekkers vir haar kinders vir daardie Kêrsfeës kon koop nie – sy kon nie eers 'n Kêrsboom bekostig nie. Broer Rudd het met die familie gesels en uitgevind dat die drie klein dogtertjies graag 'n pop of 'n opgestopte diertjie wou hê. Toe hy die sesjarige seun vra, wat hy wil hê, het die honger seuntjie gesê: "Ek sou graag 'n bakkie hawermeel wil hê."

Broer Rudd het die jong seuntjie belowe dat hy sy hawermeel sal kry en dalk nog 'n ietsie daarby. Daarna het hy na die biskop se stoorkamer gegaan en kos en ander voorrade bymekaar gemaak, om na die familie se onmiddelike nood om te sien.

Daardie selfde oggend het 'n vrygewige Heilige van die Laaste dae, vir hom 50 dollars gegee "vir iemand in nood" Broer Rudd het die donasie gebruik en drie van sy eie kinders geneem om Kêrs inkoppies te gaan doen – sy kinders het die geskenkies vir die kinders in nood, uitgekies.

Nadat hulle die motor gelaai het met kos, klere, geskenke, 'n Kêrsboom en ornamente het die Rudds na die jong familie se woonstel gery. Daar het hulle die ma en haar kinders gehelp om die boom op te stel. Daarna het hulle die geskenke onder die boom geplaas en 'n groot boks hawermeel vir die klein seuntjie gegee.

Die moeder het gehuil, die kinders het gejuig en hulle het almal saam 'n Kêrsliedjie gesing. Daardie aand, toe die Rudd gesin bymekaar gekom het vir aandete, het hulle dankie gesê dat hulle 'n bietjie Kêrs vreugde aan 'n ander gesin kon bring, en dat hulle 'n jong seun kon help om 'n bakkie hawermeel te kry.[1]

**Christus en die Gees van Vrygewigheid**

Dink aan die eenvoudige tog waardige wyse waarop ons Hemelse Vader, Sy Seun se geboorte geëer het. Op daardie heilige nag het engele nie aan die rykes verskyn nie, maar aan die herders. Die Christus kind is nie in 'n paleis gebore nie, maar in 'n stal. Hy is nie in satyn toegedraai nie, maar in handgemaakte doeke.

Die eenvoud van daardie eerste Kêrsfeës, het die Verlosser se lewe weerspieël. Alhoewel hy die aarde geskep het en in koninkryke van majesteit en glorie gewandel het, en aan die regterhand van die Vader gestaan het, het Hy tog na die aarde gekom as 'n hulpelose kindjie. Sy lewe was 'n model van beskeie nobiliteit en het Hy tussen die armes, die siekes, die verstote en die swaar belastes, gewandel.

Alhoewel Hy 'n Koning was, het hy nie omgegee vir die eer of die rykdomme van mense nie. Sy lewe, Sy woorde en Sy daaglikse aktiwiteite, was monumente van eenvoudige, tog diepgaande waardigheid.

Jesus die Christus, wie met presiesheid geweet het hoe om te gee, het aan ons die patroon gestel, van hoe om vrygewig te wees. Aan diegene wie se harte swaar is met eensaamheid en verdriet, bring Hy menseliefde en vertroosting. Aan diegene wie in liggaam en verstand bedruk is met siekte of leiding, bring Hy liefde en genesing. Aan diegene wie se siel, swaar belas is met sonde, bied Hy hoop, vergifnis en verlossing.

Indien die Verlosser vandag hier tussen ons sou wees, sou ons Hom vind, waar Hy altyd was – besig om die sagmoediges, die verstote, die nederiges, die bedroefdes en die armes van gees, te bedien. Gedurende hierdie Kêrs seisoen en altyd, mag ons aan Hom, ons liefde aan andere gee, soos Hy Sy liefde sou gee. Mag ons die nederige waardigheid van Sy geboorte , Sy gawes en Sy lewe onthou. En mag ons, deur eenvoudige dade van goedheid, naasteliefde en sagmoedigheid, die wêreld met die lig van Sy liefde en genesings krag, vul.

**NOTA**

1. Sien Glen L. Rudd, *Suiwer Godsdiens: Die Storie van die Kerk Welsyns Program sedert 1930* (1995), 352–53; sien ook Glen L. Rudd, "'n Bakkie Hawermeel," *Kerk Nuus,* Des. 2, 2006, 16.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Uchtdorf leer dat ons die Verlosser se patroon van vrygewigheid moet volg. Oorweeg dit om diegene wie jy besoek te vra om beurte te neem om 'n gawe op te noem, wat die Verlosser aan hulle geskenk her, en bespreek dan hoe hulle daardie gawe kan gebruik om andere te dien. Byvoorbeeld, indien 'n lid geseën is met musikale opleiding, kan hy of sy saam met bure gaan om kêrsliedere te sing. Jy kan aanbied om saam met diegene wie julle besoek, te kniel in gebed, om te vra vir inspirasie oor watter gawes om te deel, hoe om hulle te deel en met wie om dit te deel. Volg op, met enige inspirasie wat jy ontvang.

## JEUG

### Leer uit die Ondervindinge van Andere

President Uchtdorf praat van persoonlike ondervinding, wanneer hy daarna verwys "dat die mees betekenisvolle Kêrsfese, die is wie die nederigste is." Ons kan so baie by die ouer generasie leer; baie volwassenes het deur tye van oorlog, werkloosheid, siekte of ander beproewinge geleef. Vra die ouer lede van jou wyk of tak, om jou te vertel van hulle mees betekenisvolle Kêrsfeës. Jy kan dalk hulle stories neerskryf. Probeer om hulle voorbeeld te volg, deur hierdie Kêrsfeës harder te probeer om van diens te wees en om die Verlosser te onthou.

## KINDERS

### Gawes van Jesus Christus

Sommige mense gebruik 'n Kêrsboom, om die geboorte van Jesus Christus te vier. Mense plaas soms geskenke vir andere, onder die boom. Watter gawes het die Verlosser aan jou gegee? Teken jou eie Kêrsboom, met vyf geskenke daaronder. Lees die volgende skrif gedeeltes en kleur een geskenk in, vir elke skrif gedeelte. Jy kan aan Jesus 'n geskenk gee, deur maniere te vind om andere te help.

Psalm 33:6

Johannes 14:27

Johannes 15:9

2 Nefi 2:8

3 Nefi 15:9

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//14. Vertalings goedkeuring: 6/14 Vertaling van*First Presidency Message, December 2014*. Afrikaans. 10872 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Prins van Vrede

*Met gebed, bestudeer hierdie materiaal en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org***

**Geloof, Familie, Verligting**

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Ouderling Quentin L. Cook van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "Die Verlosser is die bron van ware vrede," "Vanweë die Verlosser se Versoening en sy genade, sal geregtigheid, ten spyte van die beproewinge van die lewe, steeds met persoonlike vrede, beloon word.[1] Om te verstaan dat Jesus Christus die Prins van Vrede is, kan ons help om innerlike vrede te vind en sal ons geloof in Hom vermeerder.

Jesus Christus het gesê: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in my vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê: maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:33). Linda S. Reeves, tweede raadgewer in die Vroue Vereniging algemene presidentskap het gesê: "Die Here is genadig gewees teenoor my en het gehelp om my laste lig te maak. Hy het my gehelp om groter vrede aan te voel."[2]

Ouderling Richard G. Scott van die Kworum van die Twaalf Apostels het geleer: "Die ideale plek vir . . . vrede is binne die mure van ons eie huise, waar ons alles in ons vermoë gedoen het, om Jesus Christus die middelpunt van ons lewens te maak.[3]

## Addisionele Skrifgedeeltes

Jesaja 9:6; Lukas 2:14; Johannes 14:27; 1 Nefi 13:37; Leer en Verbonde 59:23

## Uit die Skrifture

Jesaja het van die geboorte van Jesus Christus geprofeteer, die Prins van Vrede (sien Jesaja 9:6). In die Amerikas, het Samuel die Lamaniet, van die tekens vertel wat vyf jaar later tydens Christus se geboorte sou plaas vind (sien Helaman 14:3, 5). Soos wat die profetiese dag nader gekom het, het ongelowiges gedreig om al die volgelinge van Christus dood te maak, indien die tekens nie verskyn nie. Die profeet Nefi het "magtig tot die Here geroep, daardie hele dag; en kyk die stem van die Here het tot hom gekom en gesê: . . . more kom Ek in die wêreld "(3 Nefi 1:12–13). Die tekens het verskyn en met die geboorte van Christus het "die volk weer begin om vrede te hê in die land" (vers 23).

In Betlehem, het Maria "haar eersgebore Seun gebaar, en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê" (Lukas 2:7).

**NOTAS**

1. Quentin L. Cook, "Persoonlike Vrede: Die Beloning van Geregtigheid," *Liahona,* Mei 2013, 35.
2. Linda S. Reeves, "Maak Aanspraak op die Seëninge van Jou Verbonde," *Liahona,* Nov. 2013, 120.
3. Richard G. Scott, "Vir Vrede In die Huis," *Liahona,* Mei 2013, 29.

## Ter Oorweging

Op watter wyse bring die Verlosser, vrede in jou lewe?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//14. Vertalings goedkeuring: 6/14.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, December 2014.* Afrikaans. 10872 501